



DIE HOËRSKOOL WONDERBOOM SPORTBELEID

1. INLEIDING

Opvoedingseis vra dat elke kind die beweeglikheid, krag en funksionaliteit wat latent in die liggaam gesetel is, aan die gang kry. Die fokus moet dus val op sport as rekreasie-, ontspannings-, vryetydsbestedings- asook werkskeppingsmiddel.

Sport is die mini-oefenterrein vir waardes en norme vir aanvaarbaarheid deur die portuurgroep asook vir die vestiging van die selfkonsep en eie identiteit van sosialisering, karaktervorming en leierskap. Die opvoedkundige implikasies hiervan is legio, bv. eerlikheid, regverdigheid, selfdissipline, moed, deursettingsvermoë, selfbeheer, spangees, konsentrasievermoë en kameraadskap.

Die begeleidingsrol van die afrigter deur die stormagtige puberteitsfase kan nie te gering geskat word nie. Dit gaan dus om die vorming van die groeiende kind en ontwikkeling van die totale mens.

Die volgende riglyne moet gevolg word om sukses te behaal:

- Groepsdoelwitte, waar daar 'n duidelik vooropgestelde doelwit, aard van die aktiwiteit en elkeen se aandeel of verantwoordelikheid uitgestippel word, moet nagestreef word;
- Groepsnorme wat kohesie of samebinding tussen die groep bevorder. Samewerking om 'n gemeenskaplike doelwit te bereik, word verkies bo onderlinge mededinging;
- 'n Hoë frekwensie van sosialisering verhoog die aantrekkingskrag van die groep;
- Prestasies veroorsaak trots en daarvoor is fiksheid, korrekte tegniek, kennis van die reëls, sportetiek en motivering van die grootste belang;
- Die afrigter moet steeds 'n begeleidende rol speel om sportmanskap en die verwerking van teleurstelling oor te dra.

2. DOELWIT

Om meer leerders by sportaktiwiteite betrokke te kry en die beste waartoe elkeen in staat is te bewerkstellig sodat elke leerder volgens sy/haar vermoë presteer.

3. DIE ROL VAN USSASA EN ANDER SPORTLIGGAME

Die skool moet affilieer by USSASA (United School Sports Association of South Africa). Dit is die nasionale moederliggaam vir alle sport in Suid-Afrika.

Die doel van USSASA is:

- Om te verseker dat alle skoolsporte onder een beheer is;
- Om skoolsport onder alle gemeenskappe te ontwikkel en gelyke geleentheid aan alle leerders te verseker;
- Om as skakel tussen die regering, NSC en NOCSA te dien;
- Om met borge te skakel en geld vir skoolsporte te verkry;
- Om geld van borge en regeringsfondse onder verskillende sportsoorte te verdeel.

4. DIE ROL VAN DIE SPORTBESTUURDERS

Die sportbestuurders is 'n noodsaaklikheid om die sport van 'n makroskool te bestuur. Hulle moet die organisasie, administrasie, kontrole, ontwikkeling van sport en sportfasiliteite, betaling van afrigters, sportbemarking, die soek van borge vir sport, die reel van afrigtingsklinieke en toere en die soek van afrigters, hanteer.

5. DIE ROL VAN DIE SPORHOOFT

Die sporthoof is die skakel tussen die sportbestuurder en die skool. Hy sien toe dat die sportorganisasie glad verloop. Hy koördineer die verskillende sportsoorte se behoeftes en hanteer die oorkoepelende organisasie, administrasie, kontrole, ontwikkeling van sport, ontwikkeling van sportfasiliteite en die, betaling van afrigters en sportbemarking as daar nie 'n sportbestuurder is nie. Identifisering van afrigters word in samewerking met die hoof, sportorganiseerders en sportbestuurders gedoen.

6. DIE ROL VAN DIE ONDERSKEIE SPORTORGANISEERDERS

Die sportorganiseerders doen die organisering van die betrokke sportsoort op skoolvlak. Hulle is verantwoordelik vir die begroting van die sportsoort. Hulle identifiseer leemtes, bv. 'n tekort aan afrigters, en verwys dit na die sporthoof. Kontrole van die afrigters se vergoedingspakket word deur hulle behartig. Identifisering van afrigters vir die spanne word deur hulle gedoen en voorgelê aan die hoof. Indien daar nie 'n organiseerder aangestel is nie, doen die sportbestuurder die administrasie en organisasie van die spesifieke sportsoort.

7. DIE ROL VAN DIE AFRIGTERS

Afrigters se primêre rol is die afrig van sy span. Hy moet gereeld afrigtings- en skeidsregterskursusse bywoon om op hoogte van die dinamiese ontwikkeling van sy sportsoort te bly. Hy moet bereid wees om spanbyeenkomste en toere te reël. Hy moet 'n mentor en vertroueling vir sy span wees sodat opvoedingsgeleenthede deur sport tot sy reg kom. Hy moet entoesiasies en lief wees vir sy sport en die kinders in sy span. Sy persoonlike lewensstyl moet van so 'n aard wees dat hy in alle opsigte 'n voorbeeld stel vir die spelers wat hy afrig. Hy moet sportetiek en sy eie sportkode self uitleef, deelnemers evalueer en motiveer.

8. DIE ROL VAN DIE HOOF

Die hoof het steeds die besluitnemingsreg oor alle sportaangeleenthede. Alle sake waarvoor besluite geneem moet word, moet voor hom dien. Hy moet afrigters en deelnemers motiveer. Buitemuurse werksverdelings word deur die hoof gekoördineer. Alle beplannings t.o.v. toere en fondsinsamelingsgeleenthede moet aan die hoof voorgelê word. Alle briewe rakende sport moet deur die hoof onderteken word.

9. DIE ROL VAN DIE SPORTKOMITEE VAN DIE BEHEERLIGGAAM

Verteenwoordig sport by die BL. Dit impliseer dat lede van die sportkomitee deel moet wees van die besluitnemingsproses van sport. Om dit te doen, beteken dit dat lede van die komitee sportbyeenkomste en sosiale byeenkomste moet bywoon. Die hoof, moet die vergoedingstelsel van die sportbestuurder, sportorganiseerders en afrigters beplan en in beheer daarvan wees. Die komitee moet die begroting van sport finaliseer en voorlê aan die BL. 'n Fonds moet hiervoor gestig word wat deur die sportkomitee of finansiële komitee beheer word. Die fonds moet jaarliks geaudit word.

Dit sal waardeer word as bogenoemde twee komitees saam 'n spesiale poging aanwend om fondse te in. Die sportkomitee moet 'n borg kry sodat stelle sportklere aangeskaf word om leerders wat nie sporttoerusting of -klere kan bekostig nie, te help.

10. DIE ROL VAN DIE ONDERHOOFSEUNS VAN DIE GR 12 WONNIERAAD

Hulle help met die reël van leerderhulp by die onderskeie byeenkomste, soos benodig.

11. SPORTVERGADERINGS

Sportvergaderings moet beplan word waar die doelwitte en algemene beplanning van die sportjaar gedoen word. Dit kan voor elke seisoen se sportsoorte 'n aanvang neem gedoen word.

12. DIE IDENTIFISERING VAN SPORTMANNE EN -VROUE MET SPESIALE TALENT

Elke afrigter kan help dat leerders met besondere talent geïdentifiseer word. Hulle moet aangemoedig word om by ontwikkelingspanne of klubs betrokke te raak.

13. ONTWIKKELINGSGELEENTHEDE VAN SPORTMANNE EN -VROUE MET SPESIALE TALENT

13.1 Finansiële hulp

Hulp moet d.m.v. sportbeurse aan leerders wat nie sporttoerusting kan aankoop of in sportontwikkeling betrokke kan raak a.g.v. finansiële probleme van ouers, gegee word.

13.2 Hulp aan leerders wat uitsonderlik presteer en as ambassadeurs vir die skool optree

Leerders wat provinsiale of nasionale kleure ontvang in 'n sportsoort wat by die skool aangebied word, moet 'n bedrag ontvang uit erkentlikheid dat hy as ambassadeur en bemarker van ons skool optree. Hierdie "sakgeld" moet deur die voorsitter van die sportkomitee/sporthoof/hoof/sportorganiseerder by 'n formele saalfunksie oorhandig word. Op so 'n wyse sal die positiewe sportman uitgelig word.

13.3 Hulp aan leerders wat a.g.v. geldelike probleme nie toere kan meemaak nie
Sien toerbeleid.

14. TOERE

Toerbeleid.

15. AFRIGTINGS- EN SKEIDSREGTERS KURSUSSE

Kursusse moet jaarliks bygewoon word. Daar moet daarvoor begroot word en die skool moet daarvoor betaal.

16. (HULP)-AFRIGTERS VAN BUIITE

16.1 Algemeen

Die onderskeie sportorganiseerders moet die behoefte identifiseer en die sportbestuurder / sporthoof / sportorganiseerder moet dit reël.

16.2 Betaling

Betaling moet binne die begrotingsraamwerk wees. Die Sportbestuurder hanteer hierdie saak. Indien daar nie 'n Sportbestuurder aangestel is nie, moet die sportorganiseerder hierdie saak hanteer.

17. AFRIGTINGSMETODES

17.1 Fiksheid, soepelheid en kragwerk

Fiksheid, soepelheid en kragwerk moet volgens 'n uitgewerkte wetenskaplik gefundeerde voorseisoenprogram aandag kry.

17.2 Tegniek en vaardigheid

Daar moet aangemoedig word dat tegniek- en vaardigheidsoefeninge volgens die nuutste ontwikkelingsmetodes aangeleer word. Dieselfde oefeningsvaardig-hede moet deur al die sportspanne gevolg word. Dit impliseer dat die afrigters dieselfde kursusse of 'n "sportberaad" moet bywoon.

18. KEURING VAN LEERDERS VIR SPORTSPANNE

Waar moontlik moet keuring van spanne deur 'n onafhanklike keurpaneel gedoen word. Die samestelling van so 'n paneel moet deur die sportbestuurder gedoen word. Die finale besluit berus by die afrigters.

19. SPANBOUGELEENTHEDE

Daar word ernstig aanbeveel dat daar spanbougeleentehede tussen afrigters, spanbougeleentehede vir afrigters met hulle spanne, geleentehede met seisoensportsoorte en geleentehede waar ouers ook teenwoordig is, gehou word.

20. NABETRAGING NA WEDSTRYDE

Afrigters behoort na wedstryde bymekaar te kom om die onderskeie wedstryde te bespreek. Hier moet veral op die positiewe gefokus word. Netelige sake, aanbevelings en hulpverlening moet hier informeel gehanteer word.

21. DISSIPLINE EN TUG BY WANGEDRAG VAN SPELERS, AFRIGTERS EN ONDERSTEUNERS

Vir die wangedrag van spelers moet daar 'n sporttugkomitee wees. Die hoof, voorsitter van die sportkomitee van die BL, sporthoof, sportorganiseerder, afrigter en sportverteenwoordigers van die matriekraad moet daarop sitting hê. Duidelike riglyne en stappe van optrede moet hier geld.

Indien afrigters hulle wangedra, verander die samestelling. Die verteenwoordigers van die leerlingraad word dan nie in die tugkomitee ingesluit nie.

'n Afgevaardigde/meer as een afgevaardigde van die komitee, moet sake rakende wangedrag van toeskouers hanteer.

22. SPORTAKADEMIES

Sportakademies word deur die sporthoof beheer.

23. ONDERSTEUNERSGROEP

23.1 Leerders

Daar moet 'n tradisie gevestig word van bymekaar sit en ondersteun in Wonnie-, skool- of sportdrag. Samesang moet aangemoedig word.

23.2 Oudleerders

Oudleerders moet aangemoedig word om sportgeleenthede by te woon. 'n Oudwonnie sportkomitee kan byeenkomste na die sport organiseer.

23.2 Ouers

Spanbouggeleenthede tussen ouers kan na die wedstryd gereël word. Hier word gesindhede gewen en lojaliteite gekweek. Dit skep ook ideale geleentheid om afrigters te ontmoet. Afrigters kan hier die etiek van die sport en rasionaal agter afrigtingsmetodes en spankeuses, aan ouers gee.

24. ONTWIKKELING EN OPGRADERING VAN SPORTFASILITEITE

Verwys na sportbestuurder, terreinkomitee en finansiële komitee.

25. VERHURING VAN SPORTFASILITEITE

Verwys na sportbestuurder, terreinkomitee en finansiële komitee.

26. NOODHULP

Professioneel opgeleide lede van 'n Noodhulpliga moet beskikbaar wees op georganiseerde sportdae. Leerders en personeel wat opleiding ontvang het, staan hulle by vir hantering van minder ernstige gevalle. Daar moet telefoon-/radioverbinding tussen die verskillende sportfasiliteite en die noodhulp by wintersportaktiwiteite wees. Indien 'n leerder bv. by hokkie beseer word, moet daar onmiddellik hulp beskikbaar wees. Alle afrigters behoort 'n noodhulpkursus te doen om te help as daar beserings tydens 'n oefening voorkom. Noodnommers moet vir almal (leerder ook) op 'n sentrale plek bv. algemene kantoor en afkondigingskamer, beskikbaar wees.

27. PRYSUITDELING

Sertifikate en trofee word tydens sportdinees, wat deur die sportbestuurders en organiseerders van die onderskeie sportsoorte gereël word, uitgedeel (indien fondse beskikbaar is). Erekleure en 'n trofee vir sportman en sportvrou word by die Lourieraand oorhandig. Sertifikate tydens saalopeninge.

28. BEGROTING

Elke sportorganiseerder hanteer sy eie begroting in samewerking met die sportbestuurder en sportvertegenwoordiger op die BL.

29. BETALING VAN AFRIGTERS

Dit word beheer deur die sportbestuurder/sporthoof in samewerking met die sportorganiseerder en sportvertegenwoordigers op die BL. Toegepas vlgsg begroting.

30. BORGE

Spesiale aandag behoort aan alle borge gegee te word. Hulle moet uitnodigings na sportgeleenthede kry en daar met spesiale aandag ontvang en behandel word.

31. BEMARKING

31.1 Mediaskakeling en skakeling na Laerskole in voedingsgebied

Spesiale aandag behoort deur die sportbestuurder aan presterende leerders van laerskole in die voedingsgebied gegee word. Sterkte- en gelukwensing-kaartjies asook uitnodigings om sportgeleenthede by te woon, moet aan hulle gerig word.

31.2 Kennisgewingbord

Die publiek moet d.m.v. die kennisgewingbord by die hoofingang van die skool ingelig word van alle sportprestasies.

32. KOMMUNIKASIE

32.1 Met leerders

Sportspanne moet geluk en sterkte toegewens word deur die sportverteenwoordigers van die leerlingraad. Leerders wat uitsonderlike presteer, moet spesiaal deur die hoof/sporthoof geluk gewens word. Die hoof/sporthoof moet motiveringsgesprekke pouses met verskillende spanne voor wedstryde hou.

32.2 Met ouers

Kommunikasie met ouers per brief, vergadering of kuiergeleenthede is baie belangrik.

32.3 Met media

Slegs die hoof, sporthoof, sportorganiseerder of bemarkingsbestuurder mag met die media kommunikeer.

32.4 Met Oudwonnies

Per brief d.m.v. die Oudwonniebond of deur hulle jaargroepverteenwoordiger.

32.5 Met laerskole

Die sportbestuurder/bemarkingbestuurder/sporthoof moet die saak hanteer.

32.6 Met publiek

Die sportbestuurder, die persoon wat die kennisgewingbord hanteer of die verteenwoordiger van die sportkomitee van die BL hanteer kommunikasie met die publiek.

33. IMPLEMENTERING VAN NUWE SPORTSOORTE EN UITFASERING VAN OU SPORTSOORTE

'n Behoeftebepaling moet eers deur die sportbestuurder/sporthoof gedoen word om te bepaal of daar genoeg belangstelling, afrigters en fasiliteite beskikbaar is. Daarna word dit voorgelê aan die hoof. Kennis sal aan die BL van die voorstel gegee word.

34. BEPALING TEEN WIE DEELGENEEM WORD

Die hoof in samewerking met sportkomitee van die BL in samewerking met die hoof, sporthoof, sportbestuurder en sportorganiseerder besluit teen wie daar vriendskaplik deelgeneem word. Ligabepalings word van kennis geneem.

35. PROBLEME VAN ONDERSKEIE SPORTSOORTE

Die volgende probleemareas is geïdentifiseer:

35.1 Oefentye (sien aangeheg – sport oefenbeleid)

Dit word deur die sportbestuurder/-organiseerder bepaal. Probleme word deur die sporthoof hanteer.

35.2 Velde

Die beskikbaarheid van velde en aansoek om ander velde word deur die sportbestuurder/ -organiseerder hanteer. Probleme word aan die sporthoof deurgegee.

35.3 Merk van bane

Word deur die sportbestuurders hanteer in samewerking met die 2 terreinwerkers wat aan hulle toegewys is.

35.4 Toerusting

35.4.1 Beheer

Die sportbestuurder/-organiseerder stel werksverdeling saam.

35.3.2 Aankoop van toerusting

Die sportbestuurder/-organiseerder doen aankope soos begroot.

35.5 Kleredragreëls vir verskillende spanne

Die eerste spanne se spandrag verskil van die ander spanne. Alle veranderings moet via die bemarkingsbestuurder aan die klerekomitee voorgelê word.

35.6 Skeidsregters

Die ontvangs, parkering en kleedkamerfasiliteite vir skeidsregters moet aan hulle uitgewys word.

35.7 Leerders

Moet 'n trots en lojaliteit teenoor sy skool en span ontwikkel. Te veel bly net weg van oefeninge en wedstryde.

36. LO / AKTIWITEITSPERIODE IN SKOOLTYD

'n Aktiwiteitsperiode waar die fokus op **rekreasie** val, word aanbeveel. Dit hoef nie sport te wees nie. Stokperdjies of verenigings kan hieraan 'n behoefte voldoen. Stokperdjies is belangrik vir 'n gebalanseerde emosionele leefwyse, want nie net word rekreasie aangewend as siektevoorkomende aktiwiteit nie, maar ook in die rehabilitasie van probleemgevalle.

37. SPORT: OEFENBELEID

KWARTAAL 1	KWARTAAL 2	KWARTAAL 3	KWARTAAL 4
1) Atletiek (1 ^{ste} helfte van kwartaal)	1) Wintersport	1) Wintersport-uitspele	1) Krieket
2) Swem	2) Tennis	2) Krieket	2) Meisieskrieket
3) Krieket	3) Skaak	3) Sagtebal	3) Atletiek
4) Tennis	4) Tafeltennis	4) Landloop	4) Swem
5) Wintersport (2 ^{de} helfte van kwartaal)	5) Bergfietsry	5) Jukskei	
6) Bergfietsry		6) 7's Rugby	
		7) Gholf	
		8) Bergfietsry	
PERDRY EN SKIET HET GEEN INVLOED OP BOGENOEMDE SPORT NIE			

37.1 Hoërskool Wonderboom is 'n skool van geleenthede en daarom bied die skool 'n verskeidenheid van sportsoorte aan (soos hierbo gemeld).

37.2 As elke sportsoort en sy afrigters net gaan fokus op hulle sport, stuur die skool op 'n ramp af en gaan ons ons kinders uitbrand. Die skool se uitgangspunt is om kinders die geleentheid te bied om aan soveel sportsoorte deel te neem as waaraan hulle wil en kan deelneem.

37.3 Afrigters mag daarom nooit kinders dreig of dwing om hulle sportsoort as die belangrikste te sien nie. (Wintersport vs Atletiek).

37.4 As gevolg van bogemelde standpunte, geld die volgende reëlings:

- a) Die sportsoorte wat in elke kwartaal aan wedstryde deelneem, kry voorkeur wat oefeninge en oefentye betref. Hulle oefeninge vind plaas vanaf 14:00 – 16:00. Enige ander sportsoort wat tydens die kwartaal wil oefen, doen dit eers na 16:00.
- b) Indien kinders aan sportsoorte deelneem wat wedstryde in die kwartaal speel, maar ook aan sportsoorte deelneem wat nog net oefen, moet hulle eers die oefeninge bywoon van die sportsoorte wat wedstryde tydens die kwartaal speel, en dan die ander sportsoorte se oefeninge (in 2^{de} kwartaal oefen atlete eers atletiek en dan kan hulle daarna hulle wintersport beoefen).
- c) Kinders mag nie gedwing word om te kies tussen sportsoorte (bv. atletiek en rugby) nie.
- d) Proewe van verskillende sportsoorte vind plaas net voor hulle wedstryde begin.

e) Uitsonderings wat uitgeklaar word.

bogenoemde betref moet met sporthoof

38. OUDERDOMME

Alle spelers/speelsters speel saam met ander spelers/speelsters in dieselfde ouderdom, behalwe krieket en die volgende uitsondering by meisiesport.

Voorwaardes wat geld voordat 'n speelster (meisiesport) vanaf 'n laer ouderdom deel mag uitmaak van die 1ste span:

38.1 Tensy werklik buitengewone redes bestaan, word 'n leerder eers vanaf O/16 oorweeg vir die 1ste span.

38.2 Die speelster moet oor buitengewone talent beskik, sterker as enige ander in die ouderdomsgroep.

38.3 Die organiseerder van die betrokke sportsoort, die sporthoof, asook ander belanghebbendes (betrokke spanne se afrigters), die hoof: buitekurrikulêr moet saam met die skoolhoof besin oor die haalbaarheid van so 'n skuif. Volgende word in ag geneem: die meriete van die spesifieke speelster; die impak op die samestelling van die ouderdomspan; die meriete van die senior speelster wat deur die junior speelster vervang word.

38.4 Eers nadat die hoof die skuif goedgekeur het mag die kind en ouers genader word.

38.5 Indien die sportkode/reeks vereis dat in ouderdomme deelgeneem word moet die skool dit respekteer.

38.6 Die speelster wat opgetrek word mag slegs vir die eerste span of sy/haar ouderdomspan/groep deelneem (behalwe vir krieket).

38.7 NB – 'n geleentheid vir die een mag nie die geleentheid vir die ander ontnem nie!

GOEDKEURING

AANBEVEEL DEUR SKOOLHOOF: (naam en van)	MNR MARIUS LEZAR	HANDTEKENING:	
DATUM:			
GOEDGEKEUR DEUR BEHEERLIGGAAM-VOORSITTER: (naam en van)	MNR GM JANSEN VAN RENSBURG	HANDTEKENING:	
DATUM:			
GEKONTROLEER DEUR GDO: (naam en van)		HANDTEKENING:	

DATUM GEKONTROLEER:			
GESERTIFISEER DEUR: (naam en van)		HANDTEKENING:	
DATUM:			